

Gereformeerde Kerk Bellville – 11 November 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 86:4, 5 (p. 432)

- 4 'k Is gewoon in bange dae / my benoudheid U te klae:
U, o HEER, is dan naby, / U verhoor en antwoord my.
By die gode, hoog in ere, / is daar niemand soos die HERE;
en geen aardse werk hou stand / by die werke van sy hand.
- 5 Al die volke^oin heidenlande – / eie maaksel van u hande –
sal hul neerbuig voor U, HEER, / en u Naam aanbiddend eer.
Want u grootheid ken geen perke; / U alleen doen wonderwerke:
daar 's geen God naas U, geeneen, / U is God, ja, U alleen!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 104:1, 2, 3 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlikheid:
- 2 u mantel is van sonneglans, / u troongewelf die bloue trans;
die solderwerk van u paleis / is in die wolke, hooggehys.
- 3 Daar sweef U op die wolkwa aan, / of wandel op die wind, u baan!
U bode is die windgeluid; / as dienaars vlieg u blitse uit.

Gebed

Psalm 18:3, 7 (p. 72)

- 3 Deur donker magte, troep aan troep, / omsingel, het ek uitgeroep;
ek het in doodsangs uitgebreek / en God, my God, om hulp gesmeek.
Hy het geluister, my verhoor: / my stem het luid omhooggerys,
het deurgedring in sy paleis, / en opgeklim tot in sy oor.
- 7 Die HEER 't laat dreun die hemel oor, / die hoogste God sy stem laat hoor,
sy stem mét vuur en haelsteen, / die drie tesaam en wild deureen.
Hy het sy pyle uitgestuur / en húl verstrooi wat my beveg,
sy bliksems deur hul heen gevleg / en hul verwar in onheilsuur.

Skriflesing: Rigters 4:1-24

Kernverse: Rigters 4:6-9

Toe laat sy Barak, die seun van Abinóam, uit Kedes in Náftali, roep en sê vir hom: Het die HERE, die God van Israel, nie bevel gegee nie: Gaan, trek na die berg Tabor, en neem tien duisend man van die kinders van Náftali en van die kinders van Sébulon met jou saam; dan sal Ek Sísera, die leërowerste van Jabin, met sy strydwaens en sy menigte na jou, na die spruit Kison trek, en Ek sal hom in jou hand gee. Maar Barak sê vir haar: As u met my saamtrek, sal ek gaan; maar as u nie met my saamtrek nie, gaan ek nie. Toe sê sy: Ek sal sekerlik met jou saamtrek, maar die eer sal nie joue wees op die pad wat jy sal gaan nie; want die HERE sal Sísera in die hand van 'n vrou verkoop; en Debóra het opgestaan en saam met Barak na Kedes getrek. (Rigters 4:6-9 AFR53)

Tema: Christen wees in die wêreld – wees anders, gehoorsaam die Here!

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons het vanoggend saam met Israel van ouds geleer dat die duiwel, die wêreld met sy verleidings en ons sondige geaardheid vyande is van die gelowiges. Hierdie vyande van die gelowiges is meedoënloos in hulle aanvalle, daarom moet 'n gelowige aanhoudend teen hulle stry en van hulle af wegvlug.

Omdat gelowiges mense is wat deur Jesus Christus verlos is en die Heilige Gees hulle voortdurend heilig maak, is Christene anders as die mense wat nie in Jesus Christus glo nie. Die duiwel kan hierdie andersheid van Christene nie verdra nie, want hy wil God se plek in alle mense se lewens hê. Hy wil nie hê dat enigiemand God as die enigste lewende God sal vereer nie. Hy wil nie hê dat 'n mens Jesus Christus as Here en Verlosser liefhet nie. Hy wil nie hê dat jy en ek ons deur die Heilige Gees laat lei om in Christus se voetspore te volg nie. Daarom kry jy elke dag met allerhande verleidings te doen wat jou aanpor om die Here te laat vaar en te doen net waarvoor jy lus het.

Ons het vanoggend gesê daar is een ding waarvan jy oor mense seker kan wees en dit is dat hulle jou kan teleurstel. Israel het die Here weer teleurgestel deur te doen wat verkeerd is in die oë van die Here. In teenstelling met mense is daar een ding waarvan jy seker kan wees wanneer dit by die Here kom, en dit is dat die Here beslis sal doen wat Hy Homself voorgeneem het om te doen.

Van die begin af het die Here Hom voorgeneem om 'n skepping daar te stel wat Hom sal verheerlik. Daarom het Hy 'n volmaakte skepping te voorskyn geroep. En Hy het twee volmaakte mense geskep wat Hom van harte liefgehad en gedien het. Die slang het dit egter met sy slimpraatjies en leuens reggekry dat die mens en sy vrou om net so opstandig te wees teen die Here soos hy is.

Alhoewel die Here God heeltemal regverdig sou wees om net daar en dan die twee mense wat Hy geskep het te veroordeel, doen Hy wat net Hy alleen kan doen. Hy belowe om sy mense te verlos uit die gemors waarin hulle hulleself laat beland het. Hy belowe dat iemand uit 'n vrou gebore sal word wat die slang se kop sal vermorsel.

In die geskiedenis van Israel wys die Here keer op keer hoe Hy die werke van die duiwel voor Hom laat verkrummel tot niks wanneer Hy sy belofte om te verlos vervul. Egipte – die groot wêreldmag – het voor die Here se almag verkrummel sodat die farao uiteindelik gedoen wat die Here gesê het hy sal doen – farao het die Israeliete uit sy land verjaag. In die geskiedenis van Israel in die boek Rigters het ons nou al drie keer gehoor dat die Here by sy belofte hou om sy volk te verlos. Die Here het vir Otniël, Ehud en Samgar as rigters opgewek om sy volk van hulle vyande te verlos.

In die rigtertyd van Ehud het die Here aangetoon dat Hy nie verplig is om net op een manier sy volk te verlos nie. Hy is ook nie verplig om net die mense as rigters te gebruik wat in die oë van mense die beste kandidaat vir die werk is nie. In Rigters 4 bevestig die Here nog 'n keer dat gelowiges regtig op die Here se beloftes kan staatmaak – Hy sal sy mense verlos. Die Here laat ons opnuut besef dat Hy nie voorgeskryf kan word hoe Hy sy mense moet verlos nie. Die verlossing wat die Here in Rigters 4 bewerk het, trek in drie name saam – in volgorde, Debora, Barak en Jael.

Broers, susters en kinders, aan die hand van hierdie drie name onderrig die Here ons vanaand sodat ons Hom nog beter kan leer ken en ons ook kan weet wat die Here van sy gelowiges verwag. Debora se naam word eerste genoem in ons hoofstuk, maar ons begin

met die tweede vrou wat die Here gebruik – Jael. In hierdie vrou wys die Here hoe Hy selfs die onreg van mense in sy diens gebruik om sy belofte te vervul.

Ons ontmoet Jael, die vrou van Heber die Keniet, eers wanneer sy vir Sisera die generaal van koning Jabin na haar tent toe roep. Vroeër in die gesprek tussen Debora en Barak is daar al vooruit na haar verwys en die kritiese oomblik in die stryd tussen Israel en die Kanaäniete. Let op hoe die Heilige Gees dit vir ons beskryf. Israel se ellende is so beskryf – die Here het Israel in die hand van koning Jabin van Kanaän verkoop. Wanneer Debora vir Barak van Jael vertel, sê sy: Die Here sal Sisera in die hand van 'n vrou verkoop. So magteloos as Israel was om Jabin se verdrukking self af te skud, so magteloos sal Sisera wees in die hand van 'n vrou.

Die Keniete was skoonfamilie van Moses. Toe Israel in die beloofde land ingegaan het, het Hobab, die swaer van Moses, en sy familie saam met Israel in die beloofde land ingetrek. Hulle het hulle in die gebied van Juda gevestig wat in die suidelike deel van die beloofde land is. Heber het later weggetrek van die stad Kain in die suide en homself ver in die noorde gaan vestig naby Kedes, die stad waarvandaan Barak kom.

Tussen die huis van Heber en koning Jabin van Hasor was daar vrede. Heber het hom afgeskei van die verbondsvolk van die Here en 'n bondgenoot geword van die vyand van Israel. Dit is waarskynlik oor die werk wat Heber gedoen het. Die naam Keniet beteken smid – soos iemand wat metaal smeerwerk doen. Met die nege honderd ysterstrydwaens van Sisera sou Heber oorgenoeg werk gehad het om te doen.

Heber het nou wel 'n bondgenoot geword van koning Jabin, maar sy vrou het haar nie by die vyand van Israel geskaar nie. Sy vereenselwig haarself steeds met die volk van die Here. Daarom is die vyand van Israel ook haar vyand, want die God van Israel is ook haar God.

Toe Sisera van die slagveld af te voet moes vlug, kon hy nie na sy huis toe teruggaan nie, want Barak sou hom daar gaan soek het. Daarom vlug hy eerder na sy en koning Jabin se bondgenoot toe, na Heber toe. Maar voordat hy by Heber kon uitkom, het Jael hom na haar tent toe geroep. In sy verwardheid het Sisera alle goeie maniere vergeet en by die getroude vrou se tent ingegaan. Mans mag nie in die tente van vroue ingegaan het nie. Onder die skyn van veiligheid is hy deur Jael ontvang, want sy sê nog dat hy nie bang moet wees nie.

Sisera aanvaar die uitnodiging, want Jael behandel hom besonder gasvry. Sy maak hom toe met 'n kombes. In plaas van die water wat hy vra, gee sy eerder vir hom melk en nadat hy gedrink het maak sy hom weer toe met die kombes. Sy verseker hom ook dat sy wag sal hou. Deur haar gasvryheid en met die bondgenootskap tussen Heber en Jabin, het die Here vir Sisera in die hand van Jael verkoop.

Toe sy seker was dat Sisera vas slaap, het sy stilletjies ingegaan en hom met die tentpen en hamer vermoor. Sy was vaardig met die tentpen en hamer, want dit was die vrouens se werk om die tente op te slaan. Toe Barak naby Heber se plek kom om vir Sisera te soek, het Jael vir hom gewys waar die generaal van Kanaän dood lê. Die onreg wat Heber gepleeg het om 'n bondgenoot van Israel se vyand te word, het die Here tot die beswil van Israel verander. Onthou jy nog die belofte wat God die Vader by jou doop gemaak het? Hy het belowe om die kwaad ook tot jou beswil te beskik. Hier sien ons hoe die Here dit doen – Hy gebruik die onreg van Heber teen Israel tot Israel se beswil.

Teenoor Jael is Debora baie anders. Van Jael sal 'n mens kan sê sy is 'n individualis wat gewetenloos optree. Debora is opreg en tree as 'n openbare figuur op. Die Heilige Gees stel haar eers as 'n profetes aan ons bekend. Sy is maar die tweede vrou van 'n klein groepie vroue wat as 'n profetes bekend is in sowel die Ou as Nuwe Testament. As 'n profetes word haar woorde met die woorde van God geïdentifiseer. En hierin is die gesag wat sy as rigter in Israel bedien. Deur die werking van die Heilige Gees het sy God se Woord gespreek. Let op hoe sy elke keer die Here se opdragte aan Barak bekend maak.

Ons moet nooit sê dat die Here nie vroue in sy diens gebruik nie. Daar is oorgenoeg voorbeelde in die Bybel van vroue wat die Here in diens van sy koninkryk gebruik. Daarmee moet daar ook gesê word dat ons mooi moet kyk hoe die Here vroue in diens van sy koninkryk gebruik. Die ware kerk van die Here kan nie toelaat dat die wêreld aan die kerk voorskryf hoe vroue aangewend moet word in die kerk nie. Jesus Christus is immers die Hoof van sy kerk omdat Hy die kerk met sy bloed vir sy Vader verlos het. Daarom bepaal die Here self wat in sy kerk sal gebeur en wat nie sal gebeur nie.

Net omdat die Here die vroue uitsluit uit die amp van ouderlinge (1 Tim 2:12) beteken dit nie dat sy glad niks in die kerk mag doen nie. In Christus is daar nou meer geleenthede vir die vrou in diens van die Here. In die Ou Testament mag 'n vrou nie priester wees nie. Omdat Jesus ook vrouens verlos en Hy hulle laat deel kry aan die salwing met die Heilige Gees is gelowige vroue in die kerk ook profete, priesters en konings in diens van Christus (1 Pet 2:9).

Dit is beslis nie so dat die Here vir mans alles laat doen nie. Daar is sekere werke waarvan die Here mans heeltemal uitsluit. Mans is uitgesluit van die diens om moeders te wees. En tog is die diens van moeders die mees invloedryke diens wat enige mens kan hê. Moeders het 'n beslissende invloed op die rigting wat 'n gemeenskap in die toekoms sal neem, want hulle lê die fondament in die lewe van die volgende geslag. Mag elke gelowige moeder die fondament by die jong geslag so lê dat hierdie gemeente nog duideliker 'n ware kerk sal wees.

Wat moet ons nou by die Here leer uit Debora se werk in Rigters 4? Die Here het in hierdie verwarrende tye gekies om Debora as profetes en rigter te gebruik. Dit blyk dat die mans in hierdie twintig jaar se verdrukking slap in die hande en knieë geword het. Aan die een kant het die Here hierdie twee vroue – Debora en Jael – gebruik tot beskaming van die mans van Israel en tot beskaming van Israel self. Die Here het die Kanaäniete gebruik sodat Hy ook kon weet of Israel Hom sal gehoorsaam. Op die ou end is dit Jael wat vir Sisera doodmaak en sy is nie eens 'n Israeliet nie.

Debora het 'n belangrike rol gehad in hierdie tyd van Israel se geskiedenis. Sy het as profetes die Woord van die Here laat hoor. Maar wanneer die Here van die geloofshelde van die ou tyd vir ons vertel in Hebreërs, is dit nie Debora se naam wat genoem word nie, maar Barak se naam (Heb 11:32).

Op die oog af lyk Barak na 'n vaal seun tussen die twee vroue – Debora en Jael. Party sê selfs dat hy lafhartig agter Debora se rokspante geskuil het. Maar is dit die hele waarheid wat die Here vir ons leer? Barak het inderdaad vir Debora gesê dat hy teen die Kanaäniete sal uittrek soos die Here beveel het, net as sy saam met hom gaan. Debora het op hierdie voorwaarde van Barak dadelik gesê dat sy sal saamgaan, maar dan moet hy ook weet dat hy nie die eer sal kry om Sisera dood te maak nie. Daardie woorde is nie noodwendig 'n vermaning nie, maar 'n feit wat Debora stel omdat die Heilige Gees vir haar gesê het wat die Here sal doen.

In hierdie woorde van Barak hoor ons die woorde van Moses weerklink. In Eksodus 33 gee die Here aan Moses die bevel om met die volk van Sinai af weg te trek. Dan is dit Moses wat vir die Here sê dat hy nie kans sien om sonder die Here te trek nie. En die Here se ant-woord aan Moses is dadelik dat Hy saam met Moses en die volk sal trek, want Moses het genade gevind in die Here oë en die Here ken hom op die naam.

Hierdie ooreenkoms met die gebeure in Eksodus 33 gee ons 'n beter insig in Barak se versoek. Dit was nie oor lafhartigheid dat hy wou hê dat Debora moes saamgaan nie, maar geloof – geloof wat die mooi samestelling is van 'n nederige erkenning van sy eie onvermoë en 'n vaste vertrouwe in die genade van God. En Debora was in die stadium die draer van die Here se woorde. En dit is oor sy geloof dat Barak in die boek Hebreërs in herinnering geroep word.

Wanneer die veldslag tussen Israel en Kanaän plaasvind, sien ons die geloof van Barak in aksie. Barak moet manskappe uit Naftali en Sebulon oproep. Die Here bemoedig hom wanneer tien duisend man hom na die berg Tabor volg. Die Here bemoedig hom verder wanneer Sisera met sy manskappe en strydwaens by die spruit Kison vergader. Die Here het vir Sisera na die oorlog toe getrek. En wanneer die veldslag uiteindelik plaasvind, stuur die Here Barak van die berg af na die vlakte toe waar dit vir die strydwaens makliker is om te beweeg. Maar dan is dit uiteindelik Barak en Israel wat die Kanaäniete uitdelg sodat daar selfs nie eers een van die Kanaäniete oorgebly het nie.

Hoe kon dit gebeur? Dit het alleenlik gebeur omdat die Here self vir Israel die stryd gevoer het. Die Here het 'n stortreën laat val (Rig 5:20-21) sodat die strydwaens nie van nut was nie. Die strydwaens se wiele het in die modder vasgesit, sodat Sisera te voet moes wegvlug van die veldslag. En Israel kon die Kanaäniete op bevel van die Here uitroei. Barak het sy plig gedoen deur in geloof die Here te gehoorsaam al het hy nie die eer gekry om Sisera van kant te maak nie.

Gelowiges se stryd is nie teen vlees en bloed nie, sê die Here vir ons, maar teen die bose magte in die lug en magte van die duisternis. As gelowiges moet ons stry om nie vir die illusies van die wêreld se verleidings te val nie. Die oorwinning is nie die gelowige se oorwinning nie, maar die Here s'n. Die eer kom Jesus Christus toe wat op die laaste dag al sy en die kerk se vyande verdelg. Maar tot dan toe het elke gelowige die verantwoordelikheid om gelowig die Here te gehoorsaam en sy plig te doen in die stryd teen die bose.

Christen, jy is in die wêreld – wees anders! Gehoorsaam die Here gelowig!

Amen!

Slotgebed

Psalm 144:4, 5, 6 (p. 692)

- 4 O God, ek wil opnuut my dank U bring / en by die harp my psalmgesang U sing,
U wat aan Dawid die oorwinning gee / oor reuse-swaard, vir sy verderf gesmee.
Verlos my uit 'n see van ramp en nood, / want vreemdes dreig my met 'n wisse dood.
Hul mond spreek leuens en hul regterhand / doen by hul eed dié leuenwoord gestand.
- 5 Dan sal ons seuns soos plante ons verheug: / hoog opgekweek en sterk wees in hul jeug;
ons dogters soos pilare, na die eis / gebeitel van 'n skone rotspaleis;
ons skure vol van voorraad ongeteld, / ons kleinvee talloos hupp'lend oor die veld,
ons beeste swaar gelaai; geen bres alom, / waar krygsgeskreeu ons stand kan binnekom.

6 Welsalig – dus hef ek my slotsang aan – welsalig is die volk wie 't so mag gaan!
Welsalig hul wat by die groot genot / van volle heil, die HEER het tot hul God!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 November 2018